higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

## VERVOERBEDRYF
### NKR VLAK 3

## XX Februarie 2020

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 5 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING A

### VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Onwaar
1.3 Waar
1.4 Onwaar
1.5 Waar
1.6 Onwaar
1.7 Waar
1.8 Onwaar
1.9 Onwaar
1.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

### VRAAG 2

2.1 'n Kruierbrug is 'n groot toestel wat op spore gemonteer word en teen die kaai af beweeg word om houers van seevervoervaartuie na vragmotors of treinwaens te vervoer.

2.2 Tydnut is die waarde wat toegevoeg word deur goedere beskikbaar te stel wanneer dit vir verwerking, verbruik of gebruik benodig word.

2.3 Vervoer is die sleutel tot die doeltreffende en doelmatige werking van talle ander nywerheidsektore en dus ook tot die ekonomiese welsyn van die hele land.

2.4 In 'n naatlose aanvoerketting is daar deurlopende kommunikasie tussen verskillende departemente en klante.

2.5 'n Spoorwa is 'n trok wat aan die agterkant van 'n trein vasgemaak word en op spoorlyne kan beweeg.

(5 × 2) **[10]**

**TOTAAL AFDELING A: 20**

Kopiereg voorbehou

## AFDELING B

## VRAAG 3

3.1
- Padvervoer is veral geskik vir die verspreiding van redelike klein volumes goedere na 'n wyd verspreide mark.
- Spoorvervoer word gewoonlik gebruik om een soort vrag tussen die afsendingspunt en bestemming te vervoer. Dit is stadig en kan nie 'n deur-tot-deur-diens bied nie, behalwe waar sylyne beskikbaar is.
- Lugvervoer van goedere word gewoonlik goed deur logistiek-ondernemings ondersoek ween die koste-implikasies daarvan. (3 × 2) (6)

3.2
- Redes vir vervoer
- Afstand wat afgelê moet word
- Tydbeperkings
- Beskikbare opsies
- Of koste 'n faktor is of nie
- Toeganklikheid van vervoer
- Beskikbaarheid van vervoer
- Betroubaarheid van vervoer (Enige 4 × 1) (4)

3.3
- Vestiging van 'n spoorveiligheidsreguleerder
- Doelstellings, funksies en manier waarop dit bestuur moet word
- Personeelsake
- Veiligheidstandaarde en reguleringspraktyke vir die beskerming van mense, eiendom en die omgewing
- Sake verbonde aan al bogenoemde (5 × 2) (10)

3.4
- Hoofstuk 4 handel oor die geskiktheid van bestuurders.
- Hoofstuk 5 handel oor die geskiktheid van voertuie.
- Hoofstuk 6 handel oor die geskiktheid van operateurs.
- Hoofstuk 7 bespreek die magte en pligte van die hoof- uitvoerende beampte van die Padverkeersbestuurskorporasie rakende padveiligheidsnavorsing en verwante sake.
- Hoofstuk 8 handel oor die vervoer van gevaarlike goedere.
- Hoofstuk 10 handel oor ongelukke en ongelukverslae.
- Hoofstuk 11 handel oor roekelose of nalatige bestuur, onbedagsame bestuur, bestuur onder die invloed van bedwelmende drank of 'n dwelm wat 'n narkotiese effek het en diverse sake. (Enige 4 × 1) (4)

3.5
- Deurlopende styging in vaste en veranderlike koste van voertuie
- Stygende brandstofpryse
- Verhoogde vakbondvorming en styging van arbeidskoste
- Ruimtelike en ander ontwikkelingsfaktore
- Verkeersknope
- Tekort aan bestuurders (6)

**[30]**

**VRAAG 4**

4.1
- Die grootste uitdaging is om taxivervoer veilig, doeltreffend en bekostigbaar te maak.
- Die regering moet dus aanmerklike stappe doen om die minibustaxibedryf in die beste belange van openbare veiligheid te reguleer.
- Taxi's word dikwels beskou as onveilig en dat hulle 'n risiko vir passasiers inhou.
- Onwettige ondernemers in die bedryf het tot geweld in die bedryf bygedra.
- In 'n studie deur die Outomobiel-assosiasie van Suid-Afrika is 'n jaarlikse totaal van 70 000 minibustaxi-ongelukke opgeteken, wat aandui dat taxi's in Suid-Afrika verantwoordelik is vir die dubbel soveel ongelukke as alle ander passasiersvoertuie.
- Gedetailleerde ongelukdata is nie vir hierdie voertuigkategorie beskikbaar nie.
- Minibustaxi's is onderhewig aan baie ernstiger bedryfsvoorwaardes as die gemiddelde passasiersmotor.
- Minibustaxi's ry dikwels vinniger as die spoedbeperking om reistyd te verminder ten einde meer passasiers te kan vervoer.
- Hierdie snelhede, en die feit dat taxi's gewoonlik oorlaai is, het 'n invloed op die stopafstande van die taxi's, wat gewoonlik noodlottige gevolge inhou.
- Daar is druk op die bestuurder om streng daaglikse vereistes rakende getalle na te kom, sowel met betrekking tot ritte afgelê as passasiers vervoer.
- Wanneer remkussings of remsole vervang moet word, koop bestuurders dikwels die goedkoopste onderdele beskikbaar, aangesien dit 'n direkte invloed op hul lone het.
- Padwaardigheid en bestuurders se houding is die belangrikste aspekte wat aangepak moet word in die poging om die veiligheid van pendelaars in minibustaxi's te verbeter.
- Die regering erken dat alle pogings rakende die minibustaxibedryf 'n grondige beraadslagingsproses met alle belanghebbendes in die openbarevervoerbedryf verg. (Enige 5 × 2) (10)

4.2
- Uitleg van fasiliteite
- Toegangspunte
- Ingangs- en uitgangspunte
- Vertrek, aankoms en oordrag
- Brûe en tonnels (5)

4.3
- Terugbetalings sal ingevolge die vliegprysbeslissing van die kaartjie verwerk word.
- Alle terugbetalings is onderhewig aan 'n administrasiefooi.
- Die diensfooie wat gehef word, is nie terugbetaalbaar nie.
- Vervalle kaartjies het geen terugbetalingswaarde as dit 12 maande ná die datum van uitreiking van die oorspronklike dokument voorgelê word nie. Die bykomende koste van die heruitgereikte kaartjie sal egter binne 12 maande terugbetaalbaar wees.
- Diensfooie van Suid-Afrika en Mauritius sluit BTW in. (5)

Kopiereg voorbehou 

4.4 Vaste koste is koste wat 'n onderneming aangaan terwyl geen goedere of dienste geproduseer word nie. Veranderlike koste word in verhouding tot die onderneming se aktiwiteite aangegaan, soos die produksie van goedere.

(2 + 2) (4)

4.5
- Padongeluksfonds (POF)
- Padverkeersbestuurskorporasie (RTMC)
- Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap (SANRAL)
- Oorgrens-padvervoeragentskap (CBRTA)
- Padverkeeroortredingsagentskap (RTIA)
- Passasierspoorwegagentskap van Suid-Afrika (PRASA)
- Spoorveiligheidsreguleerder
- Hawereguleerder
- Suid-Afrikaanse Maritieme Veiligheidsowerheid (SAMSA)
- Burgerlike Lugvaartowerheid (10)

**[34]**

**VRAAG 5**

5.1
- Die beheer van sakke en tasse sodat die stelsel/bemanning weet waarheen die bagasie gestuur moet word
- Help passasiers om hul besittings tussen soortgelykes te identifiseer
- Maak die identifikasie en opsporing van verlore of misplaaste bagasie moontlik (3 × 2) (6)

5.2
- Afsluitings word gebruik om rye te vorm en die vloei van passasiers te rig.
- Fasiliteite en kontrolepunt is gewoonlik uitgelê in die volgende waarin passasiers dit gebruik.
- Verskeie bemannings- en ander personeellede help passasiers tydens die proses.
- Tekens word op sigbare plekke in geboue geplaas om passasiers te help om maklik en vinnig hul weg te vind.
- Restaurante, openbare ruskamers en winkels is altyd duidelik sigbaar en binne maklike bereik in stasies en lughawens.
- By groot lughawens is daar verskeie loopvlakke, lugbrûe, ondergrondse tonnels en gratis pendelbusse of -treine wat gereeld tussen terminale ry om reisigers te help om van een terminaal tot 'n ander te kom.

(Enige 5 × 2) (10)

**[16]**

**TOTAAL AFDELING B: 80**
**GROOTTOTAAL: 100**

Kopiereg voorbehou